# LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG

20 Maart 2026

Beste Volkie Ouers

Ons is amper op die einde van die eerste kwartaal. Dit was werklik 'n uitdagende kwartaal en ons glo elke ouer en leerder gaan die ruskans geniet.

## TOERE

Daar is heelwat sporttoere wat plaasvind. Baie sterkte aan die personeel asook leerders wat dit bywoon. Geniet elke oomblik van die toer, maar **leef ook ons skool se waardes uit**.

## RULEWISE EN KOMMUNIKASIE

Vanaf die tweede kwartaal gaan **alle kommunikasie slegs op Rulewise** geskied. Laai asseblief die toep af. Indien u uitdagings het, kontak asseblief direk vir mnr. Stiaan v/d Hyde (076 411 4985)

## FINANSIES

Ons gaan saam met die rapporte weer boekies uitdeel vir ons **jaarlikse fondsinsameling**. Ons het verlede jaar by die begroting met ons ouers gesels rakende die uitdagings wat die Departement van Onderwys vir ons veroorsaak het met ons finansies. Die geld wat ingesamel word, sal aangewend word om die tekort op ons begroting aan te spreek asook om in klasse die interaktiewe borde te vervang met interaktiewe TV-skerms. **Ondersteun ons groot asseblief.**

Die **kontantpryse** is vanjaar soos volg:

1ste prys R100 000-00
2de prys R 50 000-00
3de prys R 25 000-00

Ons leerders sal weer die geleentheid hê om **verskillende pryse tydens die kompetisie** op te raap. Die trekkings sal plaasvind tydens ons **Winterkuier op Vrydag, 29 Mei 2026.**

## AKADEMIE

**Rapporte** word op **Donderdag, 26 Maart 2026** uitgedeel vanaf **07:00 tot 09:00.** Daarna kan rapporte by die kantoor afgehaal word.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF

## PROGRAM VIR DIE WEEK

| DATUM | AKTIWITEIT | WAAR |
|---|---|---|
| 21 Maart | Hike for Heidelberg SPCA | Tuin van Eden |
| 26 | Rapporte uitdeel | |
| 26-30 | 1ste span Rugbytoer | Port Shepstone |
| 27 – 29 | 0/11 – 0/13 Netbaltoer | Sportisimo |
| 27 - 29 | 0/10 Netbaltoer | Potchefstroom |